GAUTENG VARSWATER OEWERHENGEL VERENIGING
GAUTENG FRESHWATER BANK ANGLING ASSOCIATION

President
Pote van Rensburg
Horingblende laan 7
Vereeniging
1939

Tel: (016) 428 4930
Fax: (016) 986 0051
Cell: 082 065 0612
E-mail:
pote@vdbhyd.co.za

Secretary
Amanda Swart
Po Box 1595
Henley on Klip
1961

Cell: 083 652 2694
E-mail: amandasw@absa.co.za

7 Oktober 2015
Verw: G/2015/1

DISSIPLINERE PROSEDURES

Die volgende prosedure moet gevolg word indien 'n hengelaar ontevrede is met 'n vonnis wat uitgedeel is deur sy klub na aanleiding van 'n dissiplinere verhoor.

a. Die betrokke hengelaar is verplig om skriftelik by die Provinsiale Spelersverteenwoordiger beswaar aan te teken met verwysing na die beweerde onregmatige prosesse, prosedures en vonnis. Die spelersverteenwoordiger moet hierdie versoek ondersoek en indien hy bevind dat die klaer se aantygings gegrond is, dan moet die spelersverteenwoordiger dit na jou bestuur toe verwys.

b. Die feit en gepaardgaande prosedures wat die spelersverteenwoordiger moet kontroleer is as volg:

i. Was die individu skriftelik in kennis gestel van die verhoor en die gepaardgaande klagstaat?
ii. Het hierdie kennisgewing gepaardgegaan met 15dae kennisgewing tydperk?
iii. Het die verhoor geskied volgens protokol waarvolgens die komitee wat die verhoor aangehoor het, onafhanklik individue was?
iv. Was die lid in kennis gestel dat hy geregtig was op regsverteenwoordiging?
v. Was die lid/regsverteenwoordiger die geleentheid gegee om die getuies te kruisondervra?
vi. Was die bevinding van die komitee opskrif aan hom gekommunikeer en die geleentheid aan hom gebied om appel aan te teken?
vii. Het so appel verhoor inderwaarheid plaasgevind?
viii. Indien die appel verhoor wel plaasgevind het, dan moet die vonnis redelik en billik wees teenoor die aard van die oortreding.

c. Indien daar enige afwyking van hierdie prosedures was, het die klaer 'n saak en gaan julle dan in daardie hoedanigheid moet optree wat die tersyde stelling van die vonnis kan impliseer.

d. Indien die protokol soos hierbo genoem, presies gevolg was, dan is julle as bestuur verplig om die aanbeveling van die komitee te aanvaar en daarby te berus. Sou dit dus die geval wees, impliseer dit dat die lid nêrens by SAVOF en dus ook SASACC vir die vonnis tydperk as 'n geaffilieerde lid op enige ledelys mag verskyn nie.

Die Uwe

Pote van Rensburg
Chairperson Gauteng Angling